

Leer jou breipatrone beter verstaan

Dié keer verduidelik ons verskillende maniere om te vermeerder en waarom dit op verskillende maniere gedoen word. Vir digte breiwerk, soos rompe se panele of bostukke wat noupassend moet wees, word vermeerderings gebruik om die verlangde vorm te verkry. Verskillende maniere van vermeerder word gebruik om die gaatjies in kantpatrone te brei. Hier volg 'n paar van die vermeerderings wat dikwels gebruik word



L: garing rondom naald



M: trek lus deur



N: vermeerdering voltooi



P: tel 'n lus op




Q: vermeerdering voltooi



R: plaas lus op linkernaald



S: brei aweregs in agterkant van steek



T: garing voor en brei 'n steek



U: garing rondom naald

VERMEERDERINGS IN DIGTE BREIWERK

Dit word gedoen deur twee maal in steek op linkernaald te brei en word geskryf **vermeer in vlg st** of deur in lus tussen twee steke te brei en die lus dan as 'n steek te gebruik. Laasgenoemde word geskryf **r op** of **aw op**, afhangende van patroon wat gebrei word.

Om **vermeer in vlg st** te brei, word regternaald in voorkant van volgende steek op linkernaald gestee, garing rondom naald (foto L) geneem en deur lus getrek, maar steek word op linkernaald gelaat. Steek nou regternaald in agterkant van dieselfde steek op linkernaald, draai garing rondom naald (foto M), trek lus deur en laat steek nou van linkernaald afglip. Die vermeerdering is hiermee voltooi (foto N).

Om **r op** met regternaald te brei, word lus tussen twee breinaalde (foto P) opgetel en op linkernaald geplaas. Trek regternaald uit. Steek regternaald nou in agterkant van lus en brei voort op die gewone manier. Wanneer hierdie vermeerdering gebruik word, is daar gewoonlik 'n effense verdraaiing van die steek (foto Q), terwyl die steek, wanneer daar **vermeer in vlg st** gebrei word, soos 'n klein aweregssteek lyk. Wanneer voort-

durend vermeerder word deur middel van **vermeer vlg st** word 'n duidelike lyn gevorm.

Om **aw op** met regternaald te brei, word lus tussen breinaalde opgetel en op linkernaald geplaas (foto R) en regternaald word dan uitgetrek. Steek daarna regternaald in agterkant van lus en brei die steek aweregs op gewone manier (foto S). Indien vir hierdie vermeerdering nie in agterkant van steek gebrei word nie sal 'n gaatjie in die breiwerk vorm.

Hierdie twee vermeerderings word gewoonlik by die begin van 'n stuk aranbreiwerk gebruik om die steke te vermeerder tot die vereiste getal vir die patroonpaneel.

KANTBREIWERK-VERMEERDERINGS

Gaatjies word gebrei om patrone te vorm en die gevolglike vermeerdering van steke word gewoonlik teëgewerk deur verminderings (soos in voorafgaande lesse uiteengesit). Dit word of in elke ry gedoen om die getal steke konstant te hou, of deur steke in bepaalde rye in die patroon dwarsdeur die patroon te vermeerder sodat daar in sommige gevalle heelwat meer steke op die naald is as wat

aanvanklik opgestel is. Wanneer dit voorkom gee ons gewoonlik die getal steke aan die einde van die ry aan om die getal steke te kan vergelyk, en weer wanneer die steke tot die opgestelde getal verminder is om dit heeltemal duidelik te maak vir die breier.

Waar 'n gaatjie tussen twee regssteke verlang word word dit verkry deur die garing vorentoe te bring, en geskryf **g vt**. Om **g vt** te brei, word garing van agterkant van breiwerk na vore en dan oor breinaald getrek sodat garing op regte plek is om volgende steek op gewone manier te brei (foto T). Wanneer volgende ry gebrei word, word dié steek soos 'n gewone steek gebrei.

Wanneer 'n gaatjie tussen 'n regs- en 'n aweregssteek verlang word, word garing rondom naald gedraai, en word geskryf **grn**. Om **grn** te brei, bring garing van agterkant van breiwerk na voorkant en draai dit dan reg rondom naald sodat garing aan voorkant van werk is en in regte posisie om volgende steek aweregs te brei (foto U). Wanneer volgende ry gebrei word, brei jy dié steek soos 'n gewone steek.

In die volgende aflewering verduidelik ons die brei van bobbels en kabelpatrone. ●